## BOEKBESPREKING

I. **Woord en kerk** — Teologiese bydrae van die hooglerare aan die Teologiese Skool van die Christelike Gereformeerde Kerke in Nederland by die herdenking van die vyf-en-sewentigjajrige bestaan van die Skool. Uitgewers: Ton Bolland, voorheen H. A. Rottenburg N.V., Amsterdam. Prys 9.90 gulden, dit is ongeveer R2.00. Die boek is mooi en goed versorg in 'n stewige band. Belangrike en aktuele teologiese onderwerpe word behandel.

*Eerste bydrae:* „De daden des Heren gedenken" ontleen die titel volgens die skrywer, dr. B. J. Oosterhof aan Ps. 77 : 12. Dit is stigtelike leesstof. Hy wys op die troos en die houvas, die perspektief en nuwe hoop wat dit die gelowige bied wanneer hy in donker tye die dade van die Here uit sy Woord gedenk. Daartoe word die verbondsvolk dan ook telkens opgeroep. Met verwysing na bevestigende aanhalinge uit ander skrywers asook eie eksegetiese opmerkinge word uit die Skrif aangetoon die betekenis van die dade van die Here in die heilsopenbaring vir die verbondsvolk van vroeër en later. In die prediking en die onderwys aan die jeug moet dit gaan om die dade van die Here tot sy verheerliking en ons vertroosting. Opmerking: 'n Nadere „toepassing" met die oog op veral die teenswoordige tyd en ook met verwysing na die kerk en die skool kon die tema nog meer aktueel gemaak het.

*Tweede bydrae:* „Is Adam in het Nieuwe Testament een ‚leermodel,?" is van drs. J. P. Versteeg. Dit gaan oor die wyse waarop die Skrif oor Adam spreek — 'n eksegetiese onderwerp tans sterk in diskussie. „Men karakteriseert die wijze van spreken vandaag met het begrip *leermodel*". Wat Kuitert, Van Peursen, Barth, Lever en ander van die opvatting oor die nie-persoonlike en nie-historiese bestaan van Adam skryf word in die goeie geselskap van behoudende teoloë soos Ridderbos, Greijdanus, Grosheide, C. Bouma, L. Goppelt, W. H. Velema, L. Floor, E. E. Ellis en andere deur die skrywer op grondige en oortuigende wyse weerlê, terwyl hy daarteenoor die historiese en persoonlike bestaan van Adam verdedig. In Deel VI van sy besonder lesenswaardige bydrae wys hy tereg daarop „dat met de vragen rond Adam als historische persoon òf leermodel (wanneer van deze twee een tegenstelling word gemaakt!) heelwat samenhangt — een bepaalde visie op de zonde (een gegeven *naast* de schepping òf van een schuld van de zonde . . . een bepaalde visie op de verlossing (op één lijn met *vooruitgang* òf verzoening van de schuld) . . . een bepaalde visie op de Verlosser (Christus' betekenis als Verlosser ligt in zijn goed-mens-zijn òf ook in unieke zin de Zoon van God zijnde)". Sy waarskuwing moet ter harte geneem word: „Wie het verlossingswerk losmaakt uit het kader, waarin het in de Schrift staat, laat het Woord niet meer als de *alles* bepalende norm aan

het woord komen. Voor geen verleiding heeft de theologie alle eeuwen door meer te vrezen dan voor dit gevaar".

*Derde bydrae:* Van J. Hovius „enkele opmerkingen over religie en kerkregering" onder die opskrif: „Om door dit middel de ware religie te onderhouden" — 'n sinsnede uit Artikel 30, Nederlandse Geloofsbelydenis. Hy begin deur te konstateer: „Wie de praktyk van het kerkelijke leven van vandag, ook van kerken van gereformeerd signatuur, gadeslaat, ontkomt niet aan de indruk dat er soms dingen gebeuren die een gevoel van onbehagen ten aanzien van kerkrecht en kerkregering wekken of zulk een gevoel versterken — toch aarzelen we geen ogenblik om te zeggen dat de verachters en verwerpers van alle kerkrecht en kerkregering ongelijk hebben. Hun opvatting is onjuist en kan de toets van Schrift en belydenis niet doorstaan". Hy toon dan aan hoe Doperse rigtings altyd hulle veragting van uitwendige kerkvorm en -organisasie teenoor die reformatoriese opvattinge gestel het en nog stel. So het die Christen-juris R. Sohm ernstig probeer om op wetenskaplike wyse met alle kerkreg af te reken, sodat hy van die sigbare kerk feitelik niks meer oorgehou het nie. In die nuwere tyd het Emil Brunner hom hierin gevolg. Ander name in die verband is Karl Barth, Eduard Schweitzer, Hans Dombois en ander. Deurlopend wys hy verder op die onskriftuurlike leer en praktyk van die Rooms-Katolieke Kerk insake die wese en funksie van die kerk, die ampte en die regering van die kerk. Met Calvyn as die uitstaande leermeester en as hoofbron oor die ware religie en die onderhouding daarvan deur die drie ampte in die ware kerk gaan Hovius dan grondig in op die oorsprong, geskiedenis en betekenis van die aangehaalde uitdrukking. Sonder om enigsins tekort te doen aan die belangrikheid van die ampte van ouderling en diaken word tereg baie sterk nadruk gelê op die prediking. Uit hoofde van die drie ampte van Christus funksioneer daar uit die gemeente as sy geestelike liggaam die drie ampte van leraar, ouderling en diaken. En hierdie funksie het sy fundering en ordening in die Skrif. Hy sluit met die oproep: „. . . met alle ernst de wacht te betrekken bij het beginsel dat wij in Artikel 30 van onze Confessie vinden en dat wij in het vorenstaande getracht hebben enigsins toe te lichten". En dan volg nog 'n opsomming van sy stellinge — goed oorsigtelik en insiggewend.

*Vierde bydrae:* In 'n rede gehou by oordrag van die rektoraat aan die Teologiese Skool op 8 Oktober 1968 met besondere waardering van die Nasionale Sinode van Dordrecht 1618—1619 en die Dordtse Leerreëls het dr. J. van Gelderen as tema gekies: „Roeping en verkiezing". Hy begin deur te wys op die toenemende kritiek teen die uitsprake van Dordrecht „ook onder hen die de gereformeerde belydenis hebben ondertekend" en dat daar selfs sprake is van gravamina teen die Leerreëls. Verskillende besware en beswaardes word in die verband by name genoem, onder andere dr. J. G. Woelderink, dr. G. C. Berkouwer (enigermate), dr. A. D. R. Polman en dr. H. Dekker van Calvin Seminary. „De verhouding van roeping en verkiezing is 350 jaar na de Dordtse Synode dus wel een actueel onderwerp". Voortgaande sê hy: „Het probleem is niet

nieuw. Augustinus kwam er reeds mee in aanraking, Luther en Calvijn eveneens". Verskillende denk- en leerrigtinge in die tyd van die Reformasie, ook tydens die Afskeiding tot in onse tyd word kortliks behandel: die Remonstrantse, die hiper-Calvinistiese veral onder die Congregasionaliste en Baptiste, die Drentse rigting tydens die Afskeiding, die Bartiaanse (universalistiese en objektiwistiese uitverkiesingsleer) waarby enkele van die nuwe tyd se manne soos Woelderink, Vriezen, Richardson en andere taamlik sterk aansluiting vind. By die laasgenoemdes val die nadruk by roeping en verkiesing op *diens as doel,* terwyl dit gesien moet word as roeping en verkiesing tot heil, tot diens en eer van God. In die nuwere studies oor uitverkiesing kom vir skrywer drie aspekte na vore:

1. Die verkiesing moet as verkiesing in Christus gesien word.
2. Daar is geen simmetrie tussen verkiesing en verwerping nie: „Er is geen boek des doods naast het boek des levens".
3. Die verkiesing van ewigheid is nog iets anders as dat die verkiesing suiwer tydelik aan alles voorafgaan: „Die eeuwige God is niet alleen voor en na, maar ook boven én in de tijd. Zijn eeuwige besluiten beheersen het gebeuren in de tijd en omvatten krachtens de overmacht van zijn handelen ook de beslissingen in de tijd, waar de mens de verantwoordelijkheid draagt". Mede aan die hand van Calvyn en ander bekende gereformeerde uitleggers gee Van Gelderen die verklaring en sin van verskillende plekke in die Skrif waarin van uitverkiesing en van roeping en verkiesing sprake is.

Kernagtig en raak sê hy in sy slotparagraaf: „Roeping en verkiezing zeggen beide, dat het niet om de prestatie van de mens gaat, maar om de gratie van God. De kritiek op de leer van de uitverkiezing komt ook van een zijde, waarvan men het niet verwachten zou hebben. Wij antwoorden hierop, dat deze leer geen belemmering is voor de prediking van het evangelie, maar dat zij ons juist de diepte van het evangelie van Gods genade in Christus laat zien".

*Vyfde bydrae:* In sy onderwerp: „De kerk in de sociale Etiek", wys dr. W. H. Velema daarop dat die kerk 'n steeds meer aktiewe rol speel ten aansien van allerlei probleme in die samelewing. Die gedagte is almeer dat die kerk sy maatskappy-kritiese funksie moet vervul as dit die naam van kerk werd wil wees. Daar is mense wat vir die kerk geen toekoms sien as dit op hierdie punt nie beantwoord nie. Hierdie oorbeklemtoning van die maatskappy-kritiese funksie van die kerk moet toegeskryf word aan 'n kerkbegrip wat veral sedert die Tweede Wêreldoorlog besonder sterk op die voorgrond gekom het. Maar is hierdie kerkbegrip wel nog skriftuurlik?

Hy gee dan aandag aan enkele outeurs wie se werk beslissend is vir die verhoudings van kerk en samelewing in die huidige sosiale etiek; ook aan dokumente van die Wêreldraad van Kerke waarin die tema steeds duideliker en dringender aan die orde kom. Daarna volg 'n aantal kritiese vrae na aanleiding van 'n analise van die verskynsel. Ten slotte toon hy die aard en omvang van die taak van die kerk in verband met die vraagstukke van die sosiale etiek aan.

In vier onderafdelings kom dan die name van enkele prominente persone na vore wat besondere bydrae gelewer het tot die huidige stand van sake wat die onderwerp „kerk en die sosiale etiek" betref: Heinz-Dietrich Wendland, Duitse teoloog sedert die Tweede Wêreldoorlog en naas hom Arthur Rich. By hulle kom sterk na vore die gedagte van die diakonale arbeid van die kerk wat in Nederland aangedui word met die naam apostolaatsteologie. Ook die naam van J. C. Hoekendijk word by hierdie onderwerp betrek. Hy pleit vir 'n komprehensiewe benadering van die wêreld deur die kerk. Verder kom hierby die inhoud van die dokumente van die Wêreldraad van Kerke wat hom besonder op hierdie deel van die taak van die kerk toespits.

Die kritiese vrae wat die skrywer oor hierdie siening op die verhouding van kerk en wêreld stel beantwoord hy positief en suiwer deur die ware roeping en taak volgens die Skrif aan te toon: Die kerk het wél alles met die wêreld te maak maar dan via die prediking van die Woord wat universeel en allesomvattend is en op die hele lewe beslag lê.

Die veld van die sosiale etiek is nie wyer as die Woord van God nie en hierdie Woord is nie bekrompener as die veld van die sosiale etiek nie. Maar as die kerk hom so in die sosiale en politieke lewe inwikkel soos baie dit deesdae voorstaan word die kerk 'n pressiegroep en eindelik 'n wêreldlike mag om homself op elke terrein nie alleen te laat geld nie maar ook te heers. Heel tereg en met die Skrif as bron en grondslag wys die skrywer ten slotte op die enigste suiwere opvatting van die roeping en taak van die kerk ten opsigte van die wêreld met al sy vraagstukke, naamlik om die gemeenskap (van die heiliges) wat deur die liggaam van Christus gevorm word in stand te hou en te laat aangroei deur die verkondiging van die Woord en die bediening van die sakramente.

*Sesde bydrae:* Oor sy onderwerp: „De gemeente en de ambtelijke theologie", merk W. Kremer op dat dit „ons midde in de discussie brengt, die vandaag de theologie en de kerkelijke praktijk beroeren". Die diskussies in die verband hou verskillende vrae in: Kan die stof waarmee die teologie rakende die bestudering en beoefening van die vakke wat handel oor die ampswerk in die kerk wel in strikte sin „teologie" genoem word? Beoog die aandag wat aan die onderdele van die teologie oor die ampswerk gegee word nie eerder die verkryging van 'n sekere handvaardigheid van die toekomstige bedienaar van die Woord in die take wat hom wag nie? Daar bestaan teenwoordig 'n drang na spesialisering in hierdie studierigting en die toepassing van resultate daarvan in die bediening. Wat is dan die verhouding van hierdie onderdeel van die teologie tot die orige dele van die teologiese wetenskap? Was eersgenoemde deel nie in die verlede in vergelyking met die res van die teologiese wetenskap afgeskeep nie? Dit wil so voorkom. Daarom die reaksie tans en dan wel tot 'n ander uiterste. Daar bestaan onsekerheid ten opsigte van die plekbepaling van hierdie onderdeel van die teologie — onsekerheid ook oor die plek van die gemeente in die verband. Hierdie onsekerheid word weerspieël ook in akta

en handelinge van kerklike vergaderinge in Nederland en in die Rooms-Katolieke Kerk. Daar is selfs verontrusting volgens dr. W. Aalders in sy „Theologie der verontrusting".

Kremer kom dan met die stewige stelling as uitgangspunt: „Wie over de gemeente in de ambtelijke theologie wil spreken, zal moeten beginnen met grote aandacht te luisteren naar het spreken van de Heilige Schrift ter zake". Die noodsaaklikheid daarvan word benadruk deur enersyds 'n gelykskakeling ten onregte van die gemeente met al die teenswoordige korporatiewe lewensvorme soos deur die mens na eie willekeur daargestel en ontbind. Dit beteken 'n sekularisering van die gemeente van God en die besondere karakter daarvan waarby elkeen daaroor dink en doen wat hy wil. En andersyds is daar die doperse gees wat lewensgevaarlik is vir die evangelie, vir die kerk en vir die wêreld, omdat die gedagtegang hier is dat die gemeente die weg moet baan na die Godsryk en hom in die Godsryk wat groot is van onbegrensde menseliefde, moet oplos.

By beide verskynsels word uit die oog verloor die gegewens van die Skrif — erger nog — dat die gegewens nie as normatief vir die hede erken word nie. Uit die Skrif en met name die Nuwe Testament toon die skrywer op deurtastende wyse aan wat die ware karakter en funksie van die gemeente is: Dit is die werk van die Drie-enige God, in sy diepste wese 'n misterie. En ten nouste aan die gemeente verbonde is die amp. Toe die apostels in die wêreld die evangelie van die koninkryke verkondig het, het die gemeente ontstaan. En onder leiding van die apostels het die ampte in funksie gekom. „Een zekere praefiguratie van de ambten ligt reeds in wat Christus Zelf deed toen Hij de zeventig (72) inschakelde in de verkondiging van het koninkrijk naast de apostelen. De ambten in de gemeente zijn als een nieuw wonder Gods te zien. Zoals het ontstaan en bestaan van de gemeente theologies gezien moet worden, zo ook de ambten, die tot het bestand van de gemeente en haar welzijn behoren".

As die teologie wat te doen het met die ampte sy skriftuurlike fondament wil behou dan sal dit veral *nou* uit die openbaringsgegewens moet dink pleks van bloot of hoofsaaklik die ampte en die funksie van die gemeente aan te pas by die maatskaplike en politieke toestande van die wêreld en ons tyd. Gewaak moet word teen „sacralisering van het ambt enerzijds en secularisering anderzijds . ." „De ambtelijke dienst, die uitwaaiert in prediking, catechese, zielsborg, liturgische dienst en diaconale zorg, zal uit deze (Schrift)-gegevens gericht moeten blijven, wil zij haar bijzonder karakter, juist als dienst in de gemeente van Christus niet verliezen".

Op oortuigende wyse word dan ten slotte weerlê en van die hand gewys die nuwe visie van die laaste tien jaar „die men een Copernicaanse omwenteling zou kunnen noemen" en soos voorgestaan deur manne soos dr. J. M. de Jong, dr. K. H. Miskotte en dr. W. H. van der Pol, laasgenoemde voorheen hoogkerklik Hervormd en later Roomskatoliek geword.

Van die gedenkuitgawe „Woord en kerk" kan kort gesê word dat dit 'n goeie weergawe is van die sterk behoudende en daarby

streng wetenskaplike karakter van die opleiding aan die Teologiese Skool te Apeldoorn. En waar die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika hom verheug oor die korrespondensie en broederlike betrekkinge met die Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland behoort ten minste alle predikante van die Gereformeerde Kerk van hierdie kostelike gedenkuitgawe eerstehandse kennis te dra en dit ook wyer bekend te stel.

J. L. de Bruin, V.D.M.

II. **Conflict and Hope in South Africa** deur dr. P. G. Schrotenboer, Pro Rege-Pers Beperk, R2.20.

Dr. Paul G. Schrotenboer is in 1963 verkies tot Algemene Sekretaris van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode. Gedurende 1966 het hy Suid-Afrika besoek.

In sy Inleiding sê die skrywer self dat die doel van hierdie boekie van hom is om 'n brug te slaan tussen Suid-Afrika en die wêreld, 'n brug van begrip waarlangs idees heen en weer kan beweeg.

Om hierdie brug te bou, gebruik hy 'n verskeidenheid van materiaal. Hy behandel 'n hele aantal uiters belangrike onderwerpe, en wel aan die hand van sekere stellings en vrae, soos: Die Afrikaners weier om hulle verlede te vergeet; Wat is Apartheid? Klein Apartheid; Is Suid-Afrika 'n Polisiestaat? Die Afrikaner se Laermentaliteit; en nog ander. Aan die einde van sy boek konkludeer hy: daar is hoop vir Suid-Afrika.

Wat 'n mens by die lees van die boekie opval, is die objektiewe manier waarop die skrywer die vraagstukke onder oë sien en bespreek. Dit wek 'n mens se verbasing dat 'n vreemdeling en buitestaander so 'n helder insig het in die vraagstukke en algemene toestand hier in ons land. Op 'n verrassende getroue wyse gee hy die feite weer.

Hoewel dr. Schrotenboer in hierdie boekie baie van die vooroordele teen en veroordelings van Suid-Afrika deur die buitewêreld met die feite wat hy noem, weerlê en hy 'n totaal ander beeld van die werklikheid alhier aan die wêreld voorhou as wat ons vyande doen, skroom hy nie om tog soms sy bedenkinge te opper en sy twyfel uit te spreek oor die optrede van die blankes in sekere gevalle teenoor die nie-blanke volke in ons land nie. Daarom spoor hy ons ook in alle erns aan om ons beleid en die implimentering daarvan steeds aan die Bybel te toets. Hy wek ons ook op om ons beleid in al sy konsekwensies met groter haas deur te voer, sodat die wêreld kan sien dat dit wat ons sê nie net leë woorde is nie. 'n Ander vermaning waarop ons sekerlik kan ag slaan, is dat ons na buite 'n eenheid moet vertoon.

Tog kan ons as Afrikaners aan die ander kant agter sommige

van sy vrae en stellings ook weer ons vraagtekens plaas. By al die voortreflike dinge wat hy skryf, bly dit wat hy self sê in sy boekie onbetwisbaar waar: Die rasseprobleem in Suid-Afrika kan nie van buite opgelos word nie — al is die bedoeling van welmenendes ook hoe goed.

Die boekie is werd om gelees te word en menigeen kan baie daaruit leer — selfs baie Afrikaners! Waar die boekie in Engels (Amerikaans) geskryf is, hoop ons dat dit 'n wye leserskring sal hê. Baie se oë behoort by die lees van die boekie oop te gaan. Mag die boekie die doel dien waarvoor dit geskryf is en begrip laat ontstaan vir ons unieke binnelandse situasie.

L. J. van der Merwe.

III. **Oorsprong en Rigting I & II** deur prof. dr. H. G. Stoker, Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad. Band I — 336 bladsye, 1967, R7; Band II — 443 bladsye, 1970, R9.

Dit is nie nodig om die persoon en werk van prof. H. G. Stoker van Potchefstroom aan die lesers van IN DIE SKRIFLIG bekend te stel nie. Onder die teoloë van die Gereformeerde Kerk veral is hy goed bekend omdat talle predikante hul wysgerige grondslae in sy lesings ontvang het.

In hierdie twee boeke besit ons 'n keur van die artikels en geskrifte van prof. Stoker wat in die loop van jare uit sy pen verskyn het maar wat opnuut bygewerk is deur die skrywer wat nou in die volle rypheid van sy akademiese bekwaamheid voor ons verskyn. Die onderwerpe wat in hierdie bundels behandel word, is van aktuele betekenis ook vir ons as teoloë. Dit is des te meer die geval omdat prof. Stoker nie huiwer om die lig van die Skrif te gebruik by die behandeling nie. Sy uitgesproke calvinistiese siening van die verskillende temata verhoog inderdaad die betekenis van hierdie artikels. Karakteriserend van die standpunt wat hy inneem, is dit wat ons lees in die Voorwoord van sy Band II:

> „Wat die beoefening van die Calvinistiese Wysbegeerte so boeiend maak, is, aan die een kant, die vastheid van sy uitgangspunt: die lig van die voorwetenskaplike, fundamentele waarhede van Gods Woordopenbaring op sy wysgerige veld van ondersoek. En aan die ander kant, dat dit met sy dinamiese en aktuele karakter hom steeds op die voorpunt van die tye bevind."

Besien ons nou die inhoud van Band I nader, dan blyk dit baie duidelik dat hierdie balans tussen die vaste beginsels en die dinamiese toepassing daarvan gehandhaaf word. Veertien onderwerpe word in hierdie band bespreek en tog vorm hulle 'n eenheid daarin dat verskillende aspekte van die Calvinisme onder die loupe geneem word. Hierin kom die eie karaktertrekke van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing duidelik uit die verf. Hierdie

veertien onderwerpe is die volgende: Lewens- en wêreldbeskouing en lewenswandel, Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing, die betekenis van „die mens as beeld van God" vir die wysgerige antropologie, 'n kursoriese besinning oor „menseregte", kultuur en roeping, hoe is ons roeping wêreldwyd? (die vraagstuk van die ekumene), die verantwoordelike vryheid van die mens, „At the Crossroads: Apartheid and University Freedom in South Africa", Teologiese wysgerige en vakwetenskaplike etiek, 'n wysgerige benadering van die sedelike, „Calvin and Ethics", „A Phenomenological analysis of conscience", Calvinisme as wortel van ons volksbestaan en die aktuele betekenis van die Calvinisme vir ons jeug.

In Band II word die volgende sewe onderwerpe bespreek: God en Wêreld; Die beginsel: eenheid en differensiasie; die ensiklopediese vraagstuk van die beoefening van die Christelike wetenskap; die eenheid van die wetenskap; „Outlines of a Deontology of scientific method; Wysbegeerte van die Skeppingsidee; die kosmiese dimensie van gebeurtenisse. Verder is daar nog twee bylaes, nl. prof. Stoker se kommentaar op die proefskrif van dr. D. J. Malan en 'n volledige lys van publikasies deur prof. Stoker.

In hierdie tweede band word dus veral twee sake met groot insig en kundigheid aangesny, nl. die kwessie van die Christelike wetenskap wat hy noukeurig begrond en sy positiewe selfstandige bydrae tot die sistematiese wysbegeerte, nl. die wysbegeerte van die skeppingsidee wat hy nou in hierdie boek sterk ontwikkel en uitbou.

En dit is in hierdie uitbou van die Wysbegeerte van die Skeppingsidee waaruit veral die waarheid blyk van die woorde van dr. J. A. Heyns in sy *Vooraf* by Band I, nl. dat Stoker „sonder twyfel, die mees oorspronklike wysgeer in Suid-Afrika genoem kan word". Stoker neem sterk en radikale standpunt in teen die intern-kosmiese visies wat die kosmos wil verklaar vanuit iets in hierdie kosmos. By die ekstern-kosmiese visies kom die verskil tussen Stoker se beskouinge en die van die voorstanders van die Wysbegeerte van die Wetsidee duidelik aan die lig, maar tog wil hy ook die ooreenstemminge beklemtoon en nie slegs die verskille nie. 'n Besonder belangrike greep wat prof. Stoker aan Calvyn meen te ontleen, is die onderskeiding tussen die orde van die skepping en die orde van sondeval en verlossing en dit sonder om in 'n dualisme te verval. Onder die orde van die skepping verstaan hy dan die bestaande kosmos wat ons in die lig van Gods Woord kan leer ken. Dit is die oorspronklike orde. Byvoorbeeld: Wie uitgaan van die orde van die sondeval en verlossing begin by die abnormale. Dit is volgens prof. Stoker onmoontlik om vandaar uit die normale te vind (bl. 238). Hierdie onderskeiding het verreikende implikasies, want dit gaan hier om die vraag of die wysbegeerte (en ook die teologie) teosentries moet wees of christosentries — 'n aktuele punt veral in die dispuut met Barth e.s. In sy konstruksie van die verskillende kosmiese dimensies van modaliteite, van idiostante strukture, gebeurtenisse en waardes, lewer prof. Stoker 'n heel besondere bydrae

om die sin van die veelheid en verskeidenheid van die kosmos te verstaan. Ongelukkig laat die ruimte ons nie toe om breedvoerig hierop in te gaan nie. Ons wil net onderstreep dat die belangrikheid van prof. Stoker se visie t.o.v. die struktuuranalise van samelewingsverbande nie oordryf kan word nie. Vir die struktuuranalise van bv. die staat of die gesin, is sy visie dat sodanige struktuur 'n vertikale, dinamiese en horisontale struktuurbepaaldheid besit (bl. 297), buitengewoon belangrik.

Ons belangrikste punt van kritiek teen hierdie kostelike werk van prof. Stoker is dat ons na ons mening, nie by die orde van die skepping mag bly staan nie. En dit word eintlik deur prof. Stoker self toegegee. Telkens beklemtoon hyself dat bepaalde onderwerpe wat hy behandel ook volgens die orde van sondeval en verlossing behandel moet word, maar dat hy volstaan met die behandeling van die onderwerp volgens die orde van die skepping (vgl. bl. 276, bl. 122, bl. 102 ens., Band I). Daarmee word die perspektief van die koninkryk van God nie sterk genoeg betrek by die wysgerige analise nie. Maar — en dit is belangrik — die visie van Stoker sluit nie hierdie koninkryksperspektief uit nie, maar ontplooi dit alleen na ons mening nie genoegsaam nie. Prof. Stoker lê na ons mening die grondslag vir verdere uitbouing van die Calvinistiese wysbegeerte as koninkrykswysbegeerte. Juis sy beklemtoning van die roeping skep die ruimte hiervoor. Die vraag is of die eie stempel van die Calvinisme in die wysbegeerte, die etiek, antropologie, deontologie ens. nie juis in hierdie koninkryksgedagte sit nie wat sowel die heerskappy van God in die skepping en herskepping omsluit. Prof. Stoker se beskouinge bied inderdaad hiertoe groot moontlikhede.

Ten slotte wil ons hierdie twee boeke van harte aanbeveel. Die prys is inderdaad hoog, maar die kostelike skat wat hierin verwerk is, is dit werd. Dit is te meer van belang vir ons predikante na wie se leiding, wysheid en insig opgesien word en van wie dus die juiste onderskeidinge verwag word. Die verruiming van kennis deur die bestudering van hierdie werke is van onskatbare betekenis.

Ons wil die uitgewers gelukwens met hierdie pragbande.

B. Duvenage.